

ETIEK

INHOUDSOPGAWE

1. **Aborsie – ja of nee** bl 2
2. **Attestaat** bl 3
3. **Behoort aan 'n kerk** bl 3
4. **Doodstraf** bl 4
5. **Genadedood – ja of nee** bl 4
6. **Holisme** bl 4
7. **Homoseksualiteit – ja of nee** bl 6
8. **Joga – en ander heidense invloede** bl 13
9. **Kunsmatige bevrugting – ja of nee** bl 21
10. **Lotery** bl 21
11. **Lykverbranding – verassing (kremasie)** bl 22
12. **New Age-beweging** bl 24
13. **Okkultisme** bl 25
14. **Orgaanskenking – ja of nee** bl 31
15. **Roudiens of begrafnis** bl 32
16. **Saamwoon – ja of nee** bl 32
17. **Selfmoord – ja of nee** bl 33
18. **Sondagarbeid** bl 34

1. Aborsie – ja of nee

Wanneer 'n swangerskap sonder baie grondige motiewe beëindig word, is dit sonde. Daar is wel terreine waar toegewings gemaak word, sodat aborsies mag plaasvind – soos hieronder uiteengesit. Ons standpunt oor die aangeleentheid is die volgende:

Aborsie is in 'n sekere sin verwant aan moord, omdat daar 'n lewe beëindig word. God Alleen verwek lewe - dus kan net Hy alleen beskik om dit te beëindig. Geen mens mag (om watter menslike redes ookal) ingryp in God se reg nie.

Waar God die lewe in 'n vrou gewek het, mag die Kyk na die volgende uitsprake in die Skrif: mens nie ingryp nie, tensy dit die moeder en uiteindelik die kind se lewe in gedrang bring.

Die beginsel is dat die fetus die oomblik na bevrugting reeds voor God as 'n volwaardige mens bestaan. 'n Duidelike verwysing hierna kry ons in Psalm 51:7 waar Dawid bely dat hy in sonde “ontvang” is. Ontvangenis is die oomblik van bevrugting. Om 'n aborsie uit te voer beteken dus dat 'n moord gepleeg word.

NB. Tog laat die Here die wetgewer toe om onder bepaalde omstandighede aborsies uit te voer. Wanneer twee spesialiste saam oordeel dat dit onafwendbaar is, kan die nodige toestemming gereël word.

Psigiese faktore kan aborsie toelaat, byvoorbeeld wanneer verkragting plaasgevind het, of wanneer met mediese toetse bevind is dat die fetus abnormaal is. Hierdie faktore word almal deur die landswet gereël en mag nie op persoonlike willekeur berus nie.

Deuteronomium 32:39

Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit my hand red nie.

1 Samuel 2:6

Die HERE maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom.

Psalm 51:5 AFR1953

(51:7) Kyk, in ongeregtheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang.

Eksodus 21:23

Maar is daar 'n letsel, dan moet jy gee lewe vir lewe,

Levitikus 24:18

Maar hy wat 'n stuk vee doodslaan, moet daar vergoeding voor gee; lewe vir lewe.

Psalm 66:9

...wat aan ons siel die lewe gee en nie toelaat dat ons voet wankel nie.

Johannes 6:33

Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.

1 Timoteus 6:13

Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het,

1 Johannes 5:16

As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee—vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

Openbaring 2:10

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

2. **Attestaat**

Dit is 'n kerklike getuienis oor my leer en lewe as lidmaat van 'n spesifieke gemeente. Dit is nodig dat ek, wanneer ek van een gemeente na 'n ander verhuis, ek my by die volgende sal aanmeld met 'n "getuigskrif". Daaruit kan hulle aflei of ek meelewend, aktief en getrou was as lidmaat. So 'n attestaat wat die suiwerheid van my leer (ek glo wat die kerk as Woord van God glo) en lewe ('n sobere lewenstyl) gee my die voorreg om die sakramente – doop en Nagmaal – in die volgende gemeente te geniet.

Sodra ek in leer of lewe my misgaan, sal die kerkraad 'n begeleidende brief saam met my attestaat deurgee om te verduidelik hoekom ek onder sensuur – in proses van tug –by die kerkraad is.

Ek moet self my attestaat aanvra by die kerkraad as ek vertrek. Dit is nie bloot net 'n sertifikaat van lidmaatskap wat iewers in 'n kantoor geliasseer word en wat ek weer by die volgende gemeente moet inhandig nie. Ek is van net een spesifieke gemeente lidmaat en daarom kan alleen daardie kerkraad oor my getuig. Dit is die rede hoekom ek nie Nagmaal somer by enige ander Gereformeerde Kerk kan gebruik nie. Wanneer ek versuim om my attestaat aan te vra sodra ek vertrek, kan die kerkraad na ses maande weier om oor my te getuig, want dan weet hulle mos nie meer hoe my lewe as lidmaat is nie. Dan gee die kerkraad net aan die volgende kerkraad bevestiging dat ek tot op 'n sekere datum lidmaat was van die betrokke gemeente. Die volgende gemeente neem my dan na bewys van meelewing en begrip van my agtelosigheid weer op in hul gemeente.

Veronderstel dat ek tydelik tot ongeveer 'n jaar uit die gemeente gaan vakansie hou of werk, dan gee die kerkraad 'n reisattestaat – sonder 'n gemeente se adres op – en dit handig ek in waar ek kan meeleef by 'n gemeente, en dié Gereformeerde Kerk gee my reg tot Nagmaalviering, op grond van my reisattestaat. As ek terugkeer na my gemeente, moet die kerkraad dit onderteken dat ek daar meegeleef het en ek moet die reisattestaat weer by my gemeente inhandig.

As ek oorgaan na 'n ander kerkverband – of soos ons sê, 'n ander kerk – dan kry ek nie 'n attestaat nie, maar alleen bevestiging dat ek hier lidmaat was. Voordat ek belydenis van geloof doen, kry ek as kind wat die gemeente mag verlaat, 'n dooplidmaatattestaat wat in wese dieselfde is as 'n attestaat.

3. **Behoort aan 'n kerk**

Moet ek werklik aan die kerk behoort, elke Sondag kerk toe gaan en kerklike bydrae lewer? Solank ek net 'n wedergebore Christen is, is dit mos nie nodig nie en kan ek op my eie sonder die kerk klaarkom.

Die Skrif gee duidelike riglyne hieroor. Ons moet versigtig wees om groter gesag aan eie idees toe te ken en moet eerder vra wat die Woord sê.

Na Jesus Christus se hemelvaart is Hy deur sy Gees hier op aarde teenwoordig. Dit beteken egter nie dat Hy soos suurstof eweredig in die lug versprei is nie. Hy is nie oral ewe veel teenwoordig nie, byvoorbeeld meer tussen gelowiges in gesprek as in die geraas van 'n disko.

Hy het besluit om op sekere plekke sterker teenwoordig te wees as op ander plekke. In Efesiërs 2:20 leer Paulus dat ons as gelowiges 'n gebou van God is met Jesus Christus as hoeksteen. Hy het by ons in die gemeente sy intrek geneem.

Wanneer hy mense red, voeg Hy hulle tot die gemeente toe – Handeling 2:47. Wanneer 'n mens gered word, word hy as 't ware as lewende steen in die gebou ingebou – 1 Petrus 2:4,5. Jou Christenskap staan dus nooit los van jou kerklidmaatskap nie. Jy is nie Christen op jou eie nie.

Jy kan nie 'n broer van die gesin wees maar terselfdertyd niks met hulle te doen wil hê nie. Dit is nie moontlik om jou pa se kind te wees maar nie aan die gesin te wil behoort nie. Dit is abnormaal.

Wanneer jy jou van God se kinders, uit die liggaam – sy kerk – onttrek, is jy voortdurend net met jouself besig. Ander gelowiges word vir jou 'n bedreiging, want jy het nie daardie broodnodige aanmoediging, vermaning en vertroosting wat jou op jou geloofstone kan hou nie.

In die liggaam van die Here dien elkeen as 'n ledemaat – oog, oor of hand. Ons kan nie sonder mekaar klaarkom nie, want dan is die liggaam gebreklik en nie in staat om reg te funksioneer nie – 1 Korintiërs 12:12-31.

Liefdelose kritiek dat kerkmense skynheilig en vals is, demonstreer net dat jy dink jy op jou eie dit beter kan doen, maar dit is nie wat die Skrif sê nie. God se riglyn is om, as deel van die liggaam, 'n kind van die Here te wees.

4. Doodstraf

Die beginsel is baie eenvoudig. God alleen beskik oor lewe – kyk by die afdeling oor selfmoord. Daarom beskerm God ook lewe met lewe. Wanneer iemand hom teen God vergryp en 'n lewe geneem het, is hy deur God vervloek en uit die samelewing verwyder. Vergelyk hierby Kaïn se geskiedenis.

Enigiemand kan egter nie optree en namens God beslis oor dood en lewe nie. Daarom reël God dit deur die owerheid. Vergelyk hierby Romeine 13. Die Here gee dus tot in die Nuwe Testament die beginsel dat die owerheid die doodstraf mag toepas om lewe te beskerm.

5. Genadedood – ja of nee

Swaar lyde en siekte laat soms die vraag by mens opkom of dit werklik sonde sou wees om 'n dierbare van sy lyde te verlos. Watter sin en betekenis het so 'n mens se lewe tog nog?

Die Bybel leer egter dat die mens se lewensin en -betekenis nie gemeet word aan sy sosiale en produktiewe bruikbaarheid nie.

Wanneer God die mens uit eie krag nog laat asemhaal, het die mens nog inherente waarde in God se koninkryk.

Daarom sê ons nee vir aktiewe genadedood – gee van 'n inspuiting of oorhandiging van 'n pistool.

Wanneer die lewe egter deur gesofistikeerde mediese apparaat in stand gehou word en waarsonder die pasiënt se longe en hart nie kan funksioneer nie, is dit 'n vraag of die masjien onbepaald aangeskakel moet bly, want dan word lewe kunsmatig aan die lewe gehou. Hierdie afskakel van die apparaat noem ons passiewe genadedood. Dit kan wel gebeur as daar absoluut sekerheid is dat die liggaam daarsonder oombliklik sal sterf.

Die beginsel is dat God en God alleen oor lewe beskik. Hy het dit tot stand gebring, en Hy alleen beëindig dit in hierdie bedeling.

6. Holisme

6.1 Definisie

Holisme is die filosofiese rigting wat hom besig hou met die verhouding waarin dinge tot mekaar staan. Elke mens en elke sosiale struktuur vorm 'n bepaalde onderdeel van die groot geheel. In hierdie geheel het geen persoon 'n eie en afsonderlike identiteit nie – elke mens of instansie, of wat ook al, vind sy eie betekenis in sy verhouding tot al die ander dinge in die totaliteit van die skepping. Sien hierby die afdeling oor die New Age-beweging.

6.2 Godheid – geheel van dele

Die holisme leer dat God bestaan uit die totaliteit van alles wat bestaan, en dat elke mens en elke ding wat bestaan, een klein onderdeel daarvan uitmaak. Elke mens is dus byvoorbeeld deel van die Godheid omdat hy/sy 'n onderdeel daarvan uitmaak.

- **Godheid**

Al maak die holisme aanspraak daarop dat daar “'n godheid” of “intelligensie” in die bonatuurlike bestaan, is dit geen godsdiens in die ware sin van die woord nie. Dis 'n ideologie wat alle mense hulle eie identiteit ontnem omdat dit identiteitloosheid en gelyke identifisering met alles wat bestaan as die hoogste ideaal stel.

Elke mens moet homself nie sien as 'n eie identiteit nie maar bloot as 'n medewerker in 'n ontwikkelingsproses wat die eindbestemming van die aarde bepaal. In hierdie proses kan die doelpale dikwels verskuif word onder die vaandel dat niks vas en seker is nie en dat alle waarhede kan verander.

- **Christendom en okkulte**

Om hierdie stelling te demonstreer, word die simbool van die vis gebruik. Stuart Hope het 'n doktorsale tesis oor holisme geskryf en daarin beweer hy dat hierdie simbool ingestel is vir die Christene. Die Griekse woord vir *vis* is *ICHTHUS*. Die letters *ICHTHUS* vorm die eerste letters van *Iesous Christos Theou Huios Soter*, wat beteken *Jesus Christus God se Seun – ons Redder*. Dit versmelt volgens Hope met die laaste teken van die Zodiac, naamlik die vis – pisces, wat die teken is van sikliese herskepping.

In hierdie holistiese idee word die Christendom identies geplaas en ook verklaar met die simbole en beoefening van die okkulte godsdiens. Selfs die grens tussen ware en valse geloof moet uiteindelik verdwyn, volgens die holiste, sodat daar uit die chaos 'n nuwe eenheid geskep kan word.

6.3 Onderskeid tussen samelewingskringe verwyder!

Hierdie filosofiese konsep het in die moderne sameleving 'n baie wye inslag gevind. Daarom word daar deur diegene wat holisme beoefen, so 'n ernstige beroep op elke mens gedoen dat hy in sy lewensfeer groter buigzaamheid en eenwording teenoor ander moet openbaar.

Die moderne mens moet met iets nuuts vorendag kom. Hope definieer dit so: “. . . presenting another stage in the long procession towards human wholeness . . . This happens through a process of personal transformation, and can be seen in an earnest quest (ondersoek) for the sacred.”

Die filosofie van holisme leer dat die mens in hierdie proses transendeer uit die werklikheid uit en dat hy losbreek uit tyd en ruimte. Die beoefening van holisme is 'n proses wat die mens deurmaak waarin hy dan groei en geestelik groter en beter word.

6.4 Gevaar

Die gevaar van hierdie filosofie word al duidelik daarin dat dit van jou eis om jouself prys te gee: “This striving to achieve intellectual control is at the expense of personal knowledge. Feelings and intuition are avoided; . . . the situation demands that we have the courage of our convictions to break down these self-created obstacles in order to unleash the latent powers of the human psyche.”

Let op dat hierdie filosofie jou bekruipe en beroof van jou totale identiteit en jou dan as 'n identiteitloosheid insluit in die sogenaamde geheel van dinge wat bestaan. Jy moet jou geskiedenis en ook alle dinge waarin jy glo, prysgee: “In other words, the tapes have to be wiped clean.”

Die mens kom voor hierdie eis te staan omdat die holisme glo dat geen mens kan saamsmelt met ander mense en groepe as sy totale lewenskonsep nie eers leeggemaak is nie. Anders gaan dit weer sy siening van die dinge wat in die toekoms lê, beïnvloed en benadeel. Net soos die New Age-beweging leer dit dat elke mens alles wat hy self is, moet prysgee en afswaar. Hy moet die identiteit van die groep aanleer. Hierdie identiteit word deur die beginsels van holisme bepaal.

6.5 Onderwysstelsel

Die holisme rig hom in ons tyd op die onderwysstelsel. – Die tesis van Stuart Hope, 1987, verwys. Daar word gepoog om leerplanne so aan te bied dat die leerling altyd daarop ingestel moet wees dat niks “vas” is nie. Alles kan te eniger tyd verander. In hierdie opvoedingsproses moet die skeiding tussen onderwyser en leerling verval. Leerlinge moet onderwysers nie sien as hulle meerderes nie maar bloot as nog ’n mens (*egalitarian*). Die onderwyser is net so leerling as die leerlinge self – hy moet net soveel van die leerlinge leer as hulle van hom. Aan die ander kant is die kind net so onderwyser soos die onderwyser self.

Dieselfde beginsel moet deurgedra word in alle dissiplines, o.a. ook die weermag, die polisie en die kerk. Alle grense moet verwyder word, sodat daar ’n wedersydse invloed van die een in die ander kan wees. Die grens tussen troep en bevelvoerder moet verwyder word. Saam moet alle betrokkenes bloot die weermag vorm, sonder onderskeid en sonder die dwang van dissipline.

Die idee moet dan verder gaan om die grense tussen al die verskillende instellings, soos ons dit ken, te verwyder. Die grense tussen geloof en politiek, tussen universiteit en skool, en tussen weermag/polisie en volk moet alles verval.

6.6 Werkmetode

Die wyse waarop dit gedoen word, is om die weermag en die polisie – en enige ander instansie wat traag is om hierdie ideologie te aanvaar en te implementeer – aan te val en so af te takel dat die lede wat “nie soepel genoeg is om te verander nie” padgee en vervang word met persone wat wel die holisme as idee aanvaar en toepas.

Net so moet die grense tussen kerk en politiek en tussen geloof en wetenskap ook verwyder word. Geloof moet identifiseer met politiek, in die sin dat die twee moet integreer. Net so moet geloof en wetenskap integreer. Die dinge word beskou as selle wat verskillend van mekaar bestaan en waarvan die grense afgebreek moet word, sodat die idee van een groot komponent van die Godheid tot stand kan kom. In hierdie evolusieproses is daar ’n “divine, guiding Intelligence which is unfolding the involuted (*insluitende*) design of a higher reality” – 1987:221.

6.7 Uitgebreidheid

Die doel wat die holisme nastreef, is stabiliteit, orde, vrede en uniformiteit. Hoe hierdie ideaal bereik gaan word – met al die strukture wat dit moet bewerk afgebreek – bly ’n ope vraag. Die feit is net dat die holisme as ideologie hom met al sy gevare en swakhede reeds stewig gevestig het in ons Suid-Afrikaanse samelewing. Ons moet waak en veg daarteen.

7. **Homoseksualiteit – ja of nee**

Die verskynsel kom in die moderne tye al hoe meer voor. Dit word in sekere kerke al reeds “gewettig”, byvoorbeeld in die Gereformeerde Kerken Nederland. Dit het tot gevolg dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika alle bande met hierdie kerke verbreek het. Ons standpunte oor die saak van homoseksualiteit en lesbianisme is die volgende:

Hierdie “siekteverskynsel” het ten diepste sy wortels in die sondeval.

Die Bybel spreek hom baie duidelik uit teen enige vorm van teennatuurlike geslagtelike omgang – Romeine 1:26,27; Levitikus 20:13. Kortweg: Dit is ’n ernstige sonde wanneer mans met mekaar of vrouens met mekaar omgang het.

God het man en vrou verskillend gemaak, sodat ’n man se manwees eers werklik anders geopenbaar word as dié van ’n vrou wanneer hy in die heilige huwelik met sy vrou omgaan.

Dit wat mekaar aanvul tussen man en vrou toon dat dit is soos God ons geslagtelike ontmoeting in ons ingeskape het.

Wie by hom/haarself hierdie onnatuurlike aangetrokkenheid tot sy/haar eie geslag opmerk, moet pastoraal begelei word.

God vergewe ook hierdie sonde wanneer ons dit bely en daarteen veg.

Diegene wat nie daarteen veg nie, word deur God gestraf – Romeine 1:18 e.v.

7.1. Wat is homoseksualisme?

Dit is wanneer mense van dieselfde geslag met mekaar gemeenskap het. Kyk na die volgende uitsprake in die Skrif:

Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel. (Levitikus 18:22 AFR53)

En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle. (Levitikus 20:13 AFR53)

Terwyl hulle hul hart vrolik maak, omsingel die manne van die stad, slegte manne, meteens die huis en klop hard aan die deur; en hulle spreek met die ou man, die eenaar van die huis, en sê: Bring die man uit wat in jou huis ingekom het, dat ons hom kan beken. (Rigters 19:22 AFR53)

Daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. (Romeine 1:26-27 AFR53)

7.2. Waar loop ons dit raak?

Die verskynsel loop ons die eerste keer in die geskiedenis raak in die dorp Sodom, in die tyd van Abraham. Van die drie manne (engele) wat by Abraham was, het twee in Sodom aangekom (die Engel van die HERE het weggegaan). Hulle het by Lot tuisgegaan. Ons lees die volgende:

Hulle het nog nie gaan slaap nie toe die manne van die stad, die manne van Sodom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking, almal saam. En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken. (Genesis 19:4-5 AFR53)

Na die gebeure by Sodom, waar ons die gewoonte die eerste keer raakloop, het die sondige gewoonte by baie volke se mans begin voorkom. *Elke keer laat die Here duidelik blyk dat Hy 'n totale afkeer daaraan het.*

Die daad van homoseksualisme staan bekend as sodomie.

7.3. Waarom is die seksuele verhouding tussen dieselfde geslagte verkeerd?

Kom ons begin by die begin: by die skepping van die mens. Ons ondersoek wat die Here in gedagte gehad het met die skepping van die mens. Ons kyk na die openbaring van die Here en ons buig daarvoor:

7.3.1. Die skepping van die mens

In Genesis 1:26 en 2:18, 21,23 is dit duidelik dat God nie van plan was om net een mens te maak nie. **En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. (Genesis 1:26 AFR53)**

Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. (Genesis 2:18 AFR53)

Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. (Genesis 2:21 AFR53)

Toe sê die mens: Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. (Genesis 2:23 AFR53)

Die woorde: *Laat Ons mense maak . . .* (meervoud), is 'n duidelike bewys hiervan.

- Maar die Here se bedoeling word duidelik geopenbaar: Hy wou nie baie mans en baie vrouens maak nie.
- *Mense* beteken hier *een enkele egpaar!*
- Die bedoeling van die Here is baie duidelik:
 - Hy maak twee mense.
 - Hy maak hulle van verskillende geslagte
 - Hy bind hulle nie in dieselfde geslag saam in 'n huwelik nie. Hy bind die huwelik saam uit een elk van die verskillende geslagte: man en vrou.

God het die mens na sy beeld geskape. Lees Genesis 1:26,27.

- Die mens alleen besit ware kennis, ware geregtigheid en ware heiligheid.
- Lees hierby Kategismus Sondag 3.

7.3.2. Die mens dra die beeld van God in twee opsigte

- Die beeld van God in ruimer sin
Dit is die dinge wat ons van die res van die skepping onderskei, naamlik dinge soos redelikheid, persoonlikheid, vermoëns, gawes, ens. Vgl hierby Spreuke 4:23.
- Die beeld van God in enger sin
Vergelyk Levitikus 19:2; Deuteronomium 6:5; Matteus 5:48; 22:37; Efesiërs 5:1; 1 Petrus 1:15,16.
 - Ware kennis: Om God en sy Woord te ken.
 - Ware geregtigheid: Om te kan onderskei wat God wil en wat nie; om te onderskei tussen reg en verkeerd; gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid.
 - Ware heiligheid: Om werklik heilig te kan word. Geen diere of plante besit die heiligheid om in die hiernamaals saam met God te leef en te woon en om Hom in volmaakte heiligheid te aanbid nie. Net die mens besit dit – omdat God dit aan hom skenk.

Die mens met sy ware kennis en ware heiligheid en ware geregtigheid moet dus van die begin van die verloop van die geskiedenis tot aan die einde by die wederkoms van die Here, die vermoë hê om die regte insigte hê van:

- *die rede waarom hulle bestaan,*
- *oor hoe die Here hulle in die huwelik verbind het*
- *wat die doel van die huwelik is.*

7.4. Die aard van die mens

- Die mens is onsterflik geskape. Die feit dat ons nou sterf, is omdat God ons gestraf het met die doodstraf: *“Stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.”*
- Ons weet dat die eerste mens 'n man is.
 - Die Here neem grond en maak die man se liggaam.
 - Onmiddellik is daar 'n baie opvallende verskil tussen hierdie skepsel en die res van die skepping.

- Toe al die ander dinge gemaak is, het God net 'n woord gesê en die saak was onmiddellik afgehandel. Dinge soos grond, plante, lig en diere was daar!
- Die mens se bestaan begin anders. God sê eers dat Hy mense gaan maak, dan neem hy van die grond wat Hy geskape het en maak daarvan 'n man se liggaam.
- Daar gebeur nog iets wat die mens verder van die res van die skepping af plaas: God blaas asem – wat lewe is – in die mens in.
 - God bewerk die lewe van die mens heeltemal verskillend van dié van die diere.
- God het die mens geskape met die doel om Hom te eer (NGB art. 12-17).
- God skep die mens in twee geslagte – man en vrou.
 - Aanvanklik was daar net een mens en hy was geslagtelik geskape – manlik.
 - Daarna voer God die res van sy beplanning uit om mense te maak.
 - Wanneer Adam slaap, neem die Here van sy ribbebeen en maak die tweede mens.
- Die verskil in materiaal wat gebruik word, is nogal opvallend groot.
 - In Adam se geval is “rou materiaal” gebruik en in die geval van Eva “verfynde materiaal”.
 - Die vrou is dus net hierin al die afronding van God se skepping – die mooiste en fynste wat deur God se hande gemaak is.
- God bring hierdie vrou na die man toe en daarmee vind die eerste huwelik plaas. NB: Dis nie 'n kontrak nie, dis 'n skeppingsordinansie.
- In hierdie huwelik sal die man moet leef soos een wat eerste is, behoort te leef.
 - Hy sal so voor God moet leef dat dit duidelik is dat hy hom teenoor sy vrou en kinders gedra soos een wat deur God geskape is om te regeer.
 - NB: Nie bombasties en dwaas, of met geweld en oneerlikheid nie.
 - God se eer moet uit sy optrede skyn!
- Die vrou sal die afronding en fynheid wat God in haar ingeskape het, ook moet weerspieël.
 - Sy kan nie getroud wees asof sy ontkoppel is aan daardie eerste dag toe God haar geskape het en haar na Adam toe geneem het nie.
 - Ook in haar huishouding en in haar verkeer met haar man moet haar teerheid en verfyndheid God se eer en heerlijkheid uitdra.

Daar is dus wesenlike verskille tussen die twee mense – en tog is albei beeldraers van God:

- Adam word eerste gemaak – *Eva tweede*
- Adam word van grond gemaak – *Eva van Adam se liggaam*
- Adam is die hoof – *Eva is sy hulp (in sy diens na God toe!)*
- Adam is manlik – *Eva is vroulik*

7.5. Daar is verskillende huwelike bekend:

- Die monogame huwelik – waar een man en een vrou met mekaar getroud is, soos Adam en Eva
- Die bigame huwelik – waar een man meer as een vrou het
- Die matriargale huwelik – waar die vrou die hoof van die huis is
- Die groepshuwelik – die soort huwelik wat onder die “hippies” (wat in die vyftiger- en sestigerjare bekend was) voorgekom het, waar almal in die groep met almal getroud is
- In die moderne tyd is daar ook die sg. gay-huwelik – die soort wat huwelik word gesluit tussen twee persone van dieselfde geslag.

Watter een van hierdie huwelike is deur God ingestel?

Het God die mens tot net een tipe huwelik verbind?

God het ons tot een huwelik verbind, want Hy het 'n geslag van God gesoek!

Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. (Maleagi 2:15 AFR53)

Homoseksuele omgang voldoen op geen manier hieraan nie.

- Die Here het ons tot net een tipe huwelik verbind, nl. die monogame huwelik, waar een man verbind word met een vrou.
- *Homoseksuele huwelikke (en dade) is dus lynreg in stryd met die openbaring van God toe Hy die eerste huwelik ingestel het!*
- Dit blyk uit die feit dat God een man maak en weer vir hom ook net een vrou maak.
- *Dit wat nou uit die homoseksuele gebruike voortvloei dat hierdie mense selfs groter saamwoongroepe vorm, is nog meer verkeerd as die Here se bedoeling in die begin.*
- Hiermee maak God 'n bepaalde instelling:
 - Voortaan moet alle huwelike soos hierdie een lyk.
 - Aan so 'n egpaar gee die Here die opdrag om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig tot die aarde gevul is.

7.6. Die huwelik as simbool

Die huwelik is veral 'n simbool van God se verkeer en verhouding met ons.

- Die man is die hoof van die huis en daarin is Hy simbool van God. Die vrou is die onderdanige en daarin is sy die simbool van die kerk.
- Hierdie intieme verhouding tussen God en sy kerk (die uitverkorenes) word die verbondsverhouding genoem.

Vergelyk hiervoor die Huweliksformulier:

Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie (Matteus 19:4-6). Daarom het Hy die huwelik ook so hoog geeer deur sy teenwoordigheid en sy wondertekens op die bruilof in Kana (Johannes 2:1-11). En Paulus se met die oog op Christus en die gemeente dat die huwelik 'n groot verborgenheid is. Hieruit leer ons dat die huwelik, wat in die welbhae van God gegrond is, baie eerbaar is, want dit is 'n afbeelding van die verhouding tussen Christus en die gemeente (Efesiërs 5:32).

En dan moet u, man, besef dat God u as hoof van die vrou gestel het, soos Christus die Hoof van sy gemeente is (Efesiërs 5:23, 25). U moet haar liefhê en verstandig lei, onderrig, vertrous en beskerm en haar as vrou eer. U moet nie teen haar verbitterd word nie maar verstandig met haar saamwoon. U moet ook ywerig en getrou u beroep beoefen, sodat u u gesin eerbaar kan onderhou en ook aan die behoeftiges iets kan gee.

En u, vrou, moet u man liefhê, hom eer en gehoorsaam wees (Efesiërs 5:24) in alles wat reg en billik is, net soos die gemeente aan Christus onderdanig is.

Die oomblik wanneer mense van dieselfde geslag in 'n *huweliksverhouding* (sjoe!!) met mekaar te staan kom,

- word hierdie beeld wat God self in die huwelik instel verbreek.
- Die feit dat iets anders tot uitdrukking kom as dit wat God wou, is sonde.

7.7. Huweliksopdragte

7.7.1 Opdragte teenoor God

- Die eerste opdrag aan die pasgetroude paartjie word gevind in Genesis 1:26 – nog voordat hulle geskape is.
 - Die mens is geskape na God se beeld – *hulle moet dus God se beeld en gelykenis in hulle bestaan weerspieël.*
 - 'n Homoseksuele huweliksverhouding verbreek hierdie beeldskap van God.
- Die tweede opdrag is ook in Genesis 1:26.

- Die Here besluit dat hierdie mense wat Hy gaan maak, *moet heers* oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. Die opdrag raak man en vrou, want dit betrek albei die mense wat God gemaak het.
- 'n Homoseksuele huweliksverhouding voldoen nie aan hierdie heersersopdrag van God nie - die mens word laer as die dier in die opsig, want diere maak hulle nie hieraan skuldig nie. Daarby word hy slaaf van die sonde - hy kan nie daarvoor heers nie.
- Die volgende opdrag is in Genesis 1:28:
En God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers . . .
Hier word twee opdragte onderskei:
 - Die vrugbaarheidsopdrag

Die mens moet vermeerder, maar nie onbeperk nie. Daar is 'n duidelike begrensing: totdat die aarde gevul is. Die opdrag behels dus dat die mense meer beeldraers van God moet verwek.

7.7.2 Die heersersopdrag

Die tweede opdrag is om die koningsbeeld van God uit te oefen – heers/regeer oor die skepping. (sien hierbo)

7.7.3 'n Homoseksuele huweliksverhouding verbreek hierdie opdragte van God omdat daar van vrugbaar wees met die doel om te vermenigvuldig nie sprake is nie. Die homoseksuele verhouding word 'n sondige platform vir die misbruik van die mens se welluste.

7.7.4 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, (Handelinge 17:26 AFR53)

Homoseksuele omgang kan nie hieraan voldoen nie.

7.7.4 Opdragte teenoor mekaar

- In Efesiërs 5:22 e.v. reël die Here die verhouding tussen die man en vrou in die huwelik.
- Aan die vrouens word die opdrag gegee om aan hulle eie mans onderdanig te wees. NB: vers 22b: “. . . soos aan die Here”.
 - Die vrou onderwerp haar aan haar man se leiding soos wat die kerk aan die Here onderwerp is.
 - Die onderwerping beteken nie slaafsheid nie, maar eenheid.
- Die man moet sy eie vrou liefhê.
 - Dis nie sinlike of wellustige liefde nie.
 - Dis die soort liefde wat God vir sy kerk het.

NB: soos Christus sy gemeente.

- Christus het sy kerk so liefgehad dat Hy daarvoor gaan sterf het.

7.8. Slot:

Homoseksuele verhoudings (en selfs wettige homoseksuele huwelike) kom in die moderne tye al hoe meer voor.

- Dit word in sekere kerke al reeds “gewettig”, byvoorbeeld in die Gereformeerde Kerken Nederland. (Dit het tot gevolg dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika alle bande met hierdie kerke verbreek het.)

Ons standpunte oor die saak van homoseksualiteit en lesbianisme is die volgende:

- Hierdie “siekteverskynsel” het ten diepste sy wortels in die sondeval van die mens in die Paradys.
- Die Bybel spreek hom baie duidelik uit teen enige vorm van teennatuurlike geslagtelike omgang – Romeine 1:26,27; Levitikus 20:13.

Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. (Romeine 1:26-27 AFR53)

En as ’n man met ’n manspersoon gemeenskap het soos ’n mens met ’n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle. (Levitikus 20:13 AFR53)

Kortweg: Dit is ’n ernstige sonde wanneer mans met mekaar of vrouens met mekaar omgang het.

- God het man en vrou verskillend gemaak, sodat ’n man se manwees eers werklik anders geopenbaar word as dié van ’n vrou wanneer hy in die heilige huwelik met sy vrou omgaan.
- Dit wat mekaar aanvul tussen man en vrou toon dat dit is soos God ons geslagtelike ontmoeting in ons ingeskape het.
- Wie by hom/haarself hierdie onnatuurlike aangetrokkenheid tot sy/haar eie geslag opmerk, moet daarvan bekeer word. Sulke mense moet met liefde pastoraal begelei word.
- God vergewe ook hierdie sonde wanneer ons dit bely en daarteen veg.
- Diegene wat nie daarteen veg nie, en nie tot bekering wil kom nie, word deur God gestraf:

...soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as ’n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan. (Judas 1:7 AFR53)

Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van ‘n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te ontteer - hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan ‘n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpratery, uitvindery van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat - al ken hulle die verordening van

God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien - dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen. (Romeine 1:22-32 AFR53).

8. Joga – en ander heidense invloede

Die invloed van die heidendom in sommige van ons moderne praktyke

8.1 Zen-Boeddhisme

Die Boeddhiste het oor die afgelope 5 000 jaar 'n baie fyn geestelike dissipline in hulle godsdienste ontwikkel. Hierdie deel van hulle godsdienste gaan daaroor dat hulle 'n baie fyn harmonie tussen hulle liggaam en gees ontwikkel het. In hierdie verhouding tussen liggaam en gees betrek hulle dan hoër magte, wat hulle “die energie-gewende magte van die heelal” (vrye vertaling – skrywer) noem.

Die kern van die leer van Zen-Boeddhisme is dat elke mens aan onophoudelike lyding onderworpe is. Die lyding kan net verbreek word wanneer jy in staat is om jouself van emosies en van die wil om te lewe, bevry. Jy moet loskom van alle wetenskap – blote letters – en inkyk in jou eie natuur. Jy moet soek na die gees in jou. Een van die skrywers van Zen-Boeddhisme skryf dat jy die hoogste insig in die werklikheid verkry deur die bewussynstroom ongehinderd te laat vloei.

Hulle glo dat hulle deur meditasie bevryding ervaar van alle perke wat daar op hulle gelê word. Deur meditering word hulle dan bevry, wat beteken dat hulle in die universele magte in getransendeer word en dat hulle dan die kragte wat die universele magte tot hulle beskikking stel, in hulle liggame kan aanwend, byvoorbeeld vir gesondheid – joga, of om te veg teen iemand – bv. Kung Fu en wêreldheerskappy – New Age-beweging.

Wat bied hierdie ou heidense godsdienste die beoefenaar daarvan as 'n eindpunt aan? Dit leer dat jy kan ontwikkel in 'n volmaakte mens as jy hierdie bonatuurlike kragte kan insmelt met jou eie filosofiese en liggaamlike kragte. Vergelyk die afdeling oor New Age. Uiteindelik ervaar jy met jou dood die verligting dat jy deel word van die univers of heelal. Tydens jou aardse lewe is dit om die magte van “Ki van die heelal” tot jou voordeel te reguleer.

Die gedagte dat die mens homself moet inoefen tot selfvervolmaking om daarin sy menswees te verwerklik, is 'n baie ou heidense doelstelling.

Hierdie “universele magte” is nie aan ons onbekend nie. Ons ken dit uit die Bybel as die “bose geeste in die lug”. Die Boeddhisme is nie 'n Christelike godsdienst nie en aanbid die Here in geen opsig nie. Daarom is dit 'n heidense godsdienst waarin die mag en krag van die satan ontplooi word. Die Boeddhisme aanbid – onder watter naam ook al – die “bose magte van die lug” waarvan die Bybel praat. Dis die duiwel en sy engele met al die kragte wat tot hulle beskikking is.

Die Oosterlinge se totale lewe het skakels wat oraloor met mekaar inskakel. Daarom is dit glad nie vreemd dat hulle godsdienste en gevegskunste 'n gemeenskaplike basis het wat hulle “noi cun” noem nie. In hierdie “noi cun” is daar 'n mag wat hulle aanbid. Hierdie mag noem hulle “ki”.

Die kragte wat in “ki” saamgebind word, is die universele magte of “magte van die heelal”. Die magte en kragte van “Ki” word onder andere in bekende dinge soos joga, akupunktuur, karate en judo gebruik.

Die Hindoeïsme leer verder dat daar 'n balans moet wees tussen die positiewe en negatiewe magte. Dis byvoorbeeld waarom hulle hulleself dikwels swaar pynig, om sodoende weer die balans in hulle lewens te herstel, sodat dit met hulle goed mag gaan. Dieselfde beginsel geld byvoorbeeld ook in akupunktuur.

Die sogenaamde “ki” word deur die Hindoes as 'n mag aangewend om innerlike vrede te gee en depressie en impotensie te beveg. Die teken wat hierdie harmonie tussen goed en kwaad uitbeeld, is die teken van die dubbele paddavissies – wat ons weet tegelykertyd ook 'n teken van Satanaanbidding is.

Wat is “ki”? Ons ken dit as die okkulte godsdienste. Dit is die donker godsdienste.

- In die okkulte godsdienste word dit die “lewe- en energie-verwekkende krag van die univers” genoem.
- Die Bybel ken die bonatuurlike kragte en vermoëns wat hierdie “Ki” aan mense gee, as duiwelsmagte of duiwelskuns. Dit kom duidelik na vore in sekere karate- en kung fu-vertonings wat mens meestal net in die Ooste sien.

Wat word alles gedoen wanneer hierdie Zen-Boeddhisme beoefen word? Die beoefenaars van hierdie afgodsdiens beoefen hulle godsdienste deur sekere buigings te maak, asemhalingsoefeninge te doen, deur te sit en mediteer en ook deur intense konsentrasie. Dit alles word gedoen om dan sodanig hierdie kuns van die gees – te bemeester. Op hierdie manier vergoddelik die beoefenaar homself dan inwendig.

8.2 Satanstekens en Boeddhisme





Omdat die Boeddhisme nie-Christelik van karakter is, is daar net een plek waar dit ingedeel kan word: dit is ’n Satansgodsdienst.

As mens na die tekens gaan kyk wat almal deur die sataniste gebruik word, is dit verstommend om te sien dat die teken van transendentale meditasie, wat in sowel Boeddhisme as joga gebruik word, daar voorkom.





Die sittende meditasiehoouding van die jogabeoefenaars kom ook daaronder voor.





Die teken van balans tussen goed en kwaad – dubbelvis wat deur karate-beoefenaars gebruik word – is ook onder hulle.

Kan tekens, simbole en metodes wat deur heidene en Satanaanbidders vir hulle eie doel uitgewerk is, ooit onder ’n nuwe definisie tot eer van God aangewend word? Dit laat mens dink, nè?

Teken	Naam	Beskrywing
	Anargie	Die omverwerping van alle natuurlike en mensgemaakte wette.
	Ankh	Dit is deur die ou Egiptenare gebruik in die aanbidding van die songod Ra. Dit verteenwoordig lewe en is veronderstel om groot towerkrag en betekenis te hê.
	Driehoek	Gedurende 'n heksevergadering word die driehoek gewoonlik op die vloer gevef – op die plek waar die demoon wat opgeroep word, sal verskyn.
	Ewige agt	Dui op die geloof dat Lucifer vir ewig sal heers.

Teken	Naam	Beskrywing
  	<p>FFF</p> <p>Getal van die dier</p> <p>Heilige kewer</p>	<p>'n Ander vorm van Satan se getal, aangesien "F" die sesde letter van die alfabet is.</p> <p>Satan se getal soos dit in Openbaring genoem word.</p> <p>Gebaseer op die Egiptiese heilige kewer – in Suid-Afrika beter bekend as die miskruier – en dit simboliseer reïnkarnasie.</p>
	<p>Heksagram</p>	<p>Ook bekend as die Joodse Ster van Dawid en die Seël van Salomo. Die heksagram word erken as een van die kragtigste simbole in satanisme en die okkulte.</p>
	<p>Heksepoot</p>	<p>'n Onderstebo kruis, met die dwarsbalke na onder gebreek. Dit verteenwoordig 'n verloëning van die Christendom en simboliseer die wegbreek van die Christelike kerk wat elke satanis by inisiëring ondergaan.</p>

Teken	Naam	Beskrywing
	Kruis van verwarring	Die antichris. Dit bevraagteken die egtheid van die kruis van Jesus Christus.
	Maan en ster	Die godin Diana en die ster van Lucifer. Dit word in swart en “goeie” towerkuns gebruik.
	Onderstebo byl	Die dubbellemyl het vir die Romeine geregtigheid verteenwoordig. Sataniste gebruik dit onderstebo om teengeregtigheid of ongeregtigheid te verteenwoordig.
	Onderstebo pentagram	Die belangrikste simbool in satanisme – dit stel die bok se kop voor. Die twee boonste punte stel die horings voor, die twee aan die kant die ore en die onderste die neus. Die drie punte wat afwys, verloën die Heilige Drie-eenheid.

Teken	Naam	Beskrywing
	Pentagram	<p>PDF Shuffler</p> <p>Word in beide swart en “goeie” towerkuns gebruik. Die boonste punt verteenwoordig die gees terwyl die ander vier die aarde, wind, vuur en water verteenwoordig.</p>
	Pentakel	<p>’n Pentagram sonder die sirkel.</p> <p>Tekeninge of simbole wat gode uit die doderyk verteenwoordig, word dikwels daarin geskryf.</p>
	Swartmis-tekens	<p>Word gebruik waar ’n swart mis gaan plaasvind of reeds plaasgevind het.</p>
	Swastika	<p>Ook bekend as die gebreekte kruis – ’n antieke simbool wat gebruik word om harmonie aan te dui. So gebruik, dui dit op omgekeerde mag en natuurlik wat buite beheer is. Dit is ook ’n Nazi-simbool.</p>

8.3 Karate as deel van die Zen-Boeddhisme-godsdiens

'n Ver gevorderde beoefenaar van karate – wat hulle 'n “ghi” noem – sal in 'n bepaalde houding met toe oë staan en konsentreer voor 'n meester. Hierdie meester word 'n “sensei” genoem en hy beskik oor baie bonatuurlike duiwelse vermoëns, byvoorbeeld dat hy sy vuiste teen 'n vyand se borskas kan druk en iets soos 'n elektriese skok deur die persoon kan stuur. Of hy besit sulke hipnotiese magte dat hy, deur sy vinger na iemand toe te wys en te konsentreer op hierdie persoon – natuurlik met die gepaardgaande duiwelse skreeu – hierdie persoon op die grond laat neerslaan.

Die ghi sal konsentreer met sy toe oë totdat hy reg is en dan met 'n vreemde uitdrukking in sy oë na 'n stapel planke toe stap – ses van hulle wat elk 2,2 cm dik is – B Larson, in *Speaks Out*. Hy sal dan daarop konsentreer, skielik vinnig asemhaal, sy hand hoog oplig, hard skreeu en al hierdie planke net met sy hand stukkend slaan dat hulle in skerwe op die vloer val.

Die toeskouers dink gewoonlik dat hierdie soort van bonatuurlike vertonings bloot 'n saak is van “mind over matter”. Die waarheid is dat dit 'n geestemag (“spiritual discipline”) is wat oor 'n tydperk van 5 000 jaar ontwikkel is om die liggaam, soos hulle dit stel, met universele energie-gewende kragte te verbind om daardeur “okkulte geloofsvertoning” (*religious enlightenment*) te kan gee.

Wat dus fisies gebeur, is dat daar 'n kombinasie van die vermoëns van die duiwel self saam met die liggaamlike vermoë van 'n mens tot stand kom. Laat ons dadelik erken dat die meeste mense wat hierdie dinge beoefen – by ons net soos in die Ooste – gewoonlik nie deurdring tot in die volle diepte van die ki-aanbidding nie, omdat hulle nie werklik belangstel in die volle potensiaal van die geestelike vermoëns wat hulle deur die ki kan verwerf nie. Vir die meeste gaan dit bloot oor selfverdediging en om 'n “heldebeeld” te kan vertoon.

Die feit waarby mens egter nie kan verbykom nie, is dat ons hier te doen het met 'n Oosterse – heidense – godsdiens wat die mens betrek by hoër en donker magte. Diegene wat hierdie magte aanvaar – aanbid – word deur daardeur ingesluk omdat daardie mense se hele lewe in toewyding aan die magte gaan. Die feit is dat die weselike beginsels van die heidendom nooit uit hierdie sportsoorte gesuiwer sal kan word nie omdat iets wat uit die heidendom vir die heidendom gebore is, nooit vir Christus aangewend kan word nie.

'n Voorbeeld van iemand in ons eie tyd in wie se lewe mens hierdie dinge kan sien en meet, is die bekende Bruce Lee, wat uiteindelik op 'n baie misterieuse wyse dood is.

8.4 Joga

Let op hoe hierdie diepgewortelde en ou heidense (Satans-) godsdiens met joga inskakel. *Joga* beteken *juk*. Op die oog af lyk die woord nie so verskriklik nie. Wat is dan daarmee verkeerd om 'n juk te dra? Trouens, die Christene praat self baie daarvan dat hulle onder die “juk” van die sonde – en van die Wet – is. Gaan mens egter verder en kyk na die selfstandige naamwoord wat van hierdie woord *joga* gevorm word, naamlik *yogi*, of meervoud *yogi's*, dan kry joga 'n totaal ander betekenis, want die *yogi's* is heiliges in die Hindoeïsme. Die Hindoeïsme is 'n Oosterse godsdiens wat 'n sinkretistiese godsdiens is waarin baie gode aanbid word.

Joga is nie net 'n vorm van liggaamsoefening nie. Die liggaamsoefeninge, asemhalingsoefeninge, meditasie, konsentrasie en maak van geluide wat simboliese waarde het, is alles dinge wat presies so uit die Boeddhisme oorgeneem is. Al hierdie dinge word daar gebruik in 'n aaneengeskakelde sisteem van geestelike en liggaamlike bevryding.

Wat die saak verder onrusbarend maak, is die feit dat al die leiers van die jogabewegings in Suid-Afrika verbintnisse het met die Hindoeïsme. Hierdie leiers, onder wie daar ook blankes is, gaan na Indië, na Hindoe-inrigtings, vir verdere opleiding. Al hierdie leiers is uitgesproke daarvoor dat die joga-dissipline gebaseer is op die lerings wat in die Hindoe geskrifte voorkom, bv. die *Bhagavad Gita*.

Let net vir 'n oomblik op na een trek wat in die Hindoeïsme voorkom en wat ook in joga voorkom: Dit is die hergeboorte, of “sansara”, wat uiteindelik sy neerslag vind in 'n hoër of laer lewe. Ons noem dit gewoonweg reïnkarnasie – om weer en weer te kan lewe. Die aanhangers van hierdie

afgodsdien glo dat jou lewensverdienste – karma – bepaal tot watter lewensorde jy na afhandeling van jou huidige lewensorde sal behoort.

Die jogaleiers in ons land maak dit ook baie duidelik dat die liggaamsoefening – wat deur so baie as doodonskuldig beskou word – slegs die eerste fase van die joga-beoefening is. Hulle beklemtoon dat die liggaamsoefening van joga nie kan losstaan van die geestelike dissiplines van bevryding nie.

Luister na die woorde van een van die jogaleiers in sy *Talks* – p.10: “Yoga is not merely a set of gymnastics. It is a pity that the most vital elements of yoga are forgotten, neglected and people get the impression that by merely standing on one’s head, or sitting in the lotus posture, one can attain self-knowledge.”

Dis baie duidelik dat mens met hierdie saak te doen het met ’n godsdien wat probeer om die ware godsdien te vervals – soos wat die duiwel in alle gevalle doen. U moet net onthou dat die feit is dat joga die sisteem van bevryding – verlossingsleer – van die Hindoeïsme leer. Daarom leer joga dat jy ’n “hergeboorte” kan ondergaan deur meditasie en selfontdekking. Ons noem die *hergeboorte* in die Christelike geloof *wedergeboorte*.

Die wedergeborenes sterf natuurlik in Christus om na hierdie lewe in die koninkryk van God te lewe. Dit is ongetwyfeld vergelykbaar met die hoër lewensorde van die Hindoeïsme/joga en die bestaan van die onbekeerdes in die hel met ’n laer lewensorde. Daar breek die parallelle egter af. Die joga toon dus trekke wat, al is dit vervals, ook in die Christelike godsdien voorkom.

Joga verkondig verder ook die begrip van die Hindoeïsme dat daar ’n harmoniserende tussenspel tussen teenoorgesteldes moet wees – ook in die oefening van jou liggaam. Dit word verkry deur meditasie en bepaalde liggaams- en handbewegings.

Wanneer die beoefenaar van joga die punt van innerlike stilte bereik het, strek hierdie harmonie of balans daartoe dat hy kan deel word van die universele bewussyn. Die universele bewussyn is vir alle praktiese ooreenkomstige dieselfde as ki.

Natuurlik het ons hier te doen met ’n vervalsing van die ware openbaring dat die Christen deel word van die verlossing in Christus. In die heidendom word dit voorgestel as ’n selfbereikbare doel wat jy verwesenlik deur jouself een te maak met die godheid.

Daar is ’n hele klomp soorte joga: Die liggaamsoefeninge in jogastyl staan bekend as *hatja*-joga. Die konsentrasie en mediteringsjoga staan bekend as *jnana*-joga. Dan is daar nog ’n vorm van joga waar allerhande soorte simboliese geluide gemaak word. Dis *mantra*-joga. Daar is nog ’n klomp ander soorte joga.

Daar is natuurlik pogings om joga te kersten. Die merkwaardige is dat hierdie mense daarvan praat dat Jesus die grootste “jogi” is. Van die kant van joga gesien is Christene hartlik welkom. Hulle glo dat daar baie maniere is om by die godheid uit te kom en die Christendom is hoogstens een van die maniere. Hulle erken ook nie iets soos sondes nie. Sonde is bloot ’n “illusie”. Daar is wel verkeerde dinge, maar dit moet daar wees. Elke mens moet net die balans tussen goed en sleg handhaaf. Hulle het natuurlik hierdie houding omdat hulle God nie ken nie en in sy plek die absolute “universal forces” stel.

8.5 Slot

Boeddhisme het talle van die alledaagse dinge binnegesypel – dinge wat ons normaalweg as onskuldig beskou, soos joga en daarby die hele reeks gevegskunste. In die hele saak van die Boeddhisme het mens die kwessie van sondeontvlugting omdat hulle ontken dat daar iets soos sonde is. Hierdie dwaalleer verkondig die volgende:

- Jy het nie skuld aan iets wat jy verkeerd doen nie.
- Jy kan hoogstens lyding oorkom.
- Lyding kan egter deur die mens self oorwin word deur meditasie en selfbevryding.

Dit is 'n totale vervalsing van die openbaring van God omdat die mens God word wat sy eie verlossingsplan hanteer.

Vir hierdie gevaarlike stuk moderne heidendom sal die ware Christen sy kennis van en die toepassing van beginsels wat vir God geldend is, baie skerp moet slyp. As dit nie gebeur nie, sal hy/sy maklik daardeur ingesluk word.

9. **Kunsmatige bevrugting – ja of nee?**

Kunsmatige bevrugting sonder meer is sonde omdat die reël wat God daargestel het, verbreek word. Dit is verkeerd om 'n vrou met enige/onbekende man se semen te bevrug wanneer haar eie man onvrugbaar is. Net so is dit verkeerd om die man se semen te gebruik om enige vrou behalwe sy eie te bevrug om sodoende vir hom – hulle (?) – 'n kind in die lewe te bring wanneer die vrou onvrugbaar is.

Aan die ander kant is dit so dat die Here ons bepaalde gawes gegee het wat deur sy genade al ver ontwikkel is, soos ons mediese wetenskap. Ouers wat nie vanself kinders kan hê nie, mag wel op hierdie manier soek om kinders te hê, maar onder die streng voorwaarde dat dit alleen mag plaasvind wanneer die saad en eierselle van 'n spesifieke huwelikspaar ter sprake is, met ander woorde dié van 'n man en vrou wat wettig met mekaar getroud is. Indien dit nie so gedoen word nie, is owerspel betrokke.

10 **Lotery**

Onder lotery is daar 'n hele aantal sake wat die gelowige se aandag verdien:

- Die raai van hoeveel boontjies in 'n bottel, die gewig van 'n skaap, ens.
- Die “speel” van perde
- Bonusobligasies
- Dobbeldary by dobbelhuise soos Carousel e.a.
- Staatslotery

Wat moet ons houding as gelowiges wees?

10.1 Die arbeidsmotief

Van die begin af het God die mens in duidelike woorde tot arbeid geroep. Arbeid het vir die mens 'n sekere beloning tot gevolg. Wie nie werk nie, word nie beloon nie en kan uiteindelik ook nie lewe nie.

Na die sondeval het God so besluit dat die mens in die sweet van sy gesig, dit wil sê met moeite, sy brood sal verdien. Ek moet dus steeds deur my eie vernuf en bydrae en die gebruik van my talente en geleenthede my kos verdien. By loterye en gelukspeletjies verkry ek die beloning sonder God se arbeidsopdrag.

Ons kan sê: ag, maar dit is slim, nou werk ek minder as die ander man of meisie wat nie 'n kans wou vat nie. Maar hierdie praktyk wek 'n weersin in harde werk, jou deel doen, jou talente gebruik.

Hierdie praktyk leer jou die gewoonte aan om op alle ander gebiede jou kans te waag en te hoop jy word beloon, of die saak werk goed uit.

Hierdie praktyk maak jou gewoond om met die minste arbeid weg te kom. Die gevolg is jy word 'n slap, ruggraatlose mens wat uiteindelik deur ander gedra moet word.

10.2 Die openbaringsmotief

By die werp van die lot leer die Bybel ons dat dit nog altyd 'n ernstige handeling is waar alles daarop dui dat die mens nie meer kan sê watter kant toe nie. God se hulp word dan ingeroep en Hy besluit, byvoorbeeld by verkiesing van kerkraadslede na stemmestaking.

In ander gevalle in die Ou Testament was die werp van die lot daarop gerig om die wil van God te openbaar waar die mens dit glad nie op enige ander manier kon bekom nie. Vergelyk hier die geskiedenis van Akan of Dawid se aanval op Jebus.

Die hoëpriester het inderdaad ook twee dobbelstene in 'n sakkie op sy bors gedra. Die twee stene het name gehad, naamlik die Urim en die Tummim.

Dobbel of lotery was dus van voegs af bedoel as deel van ons aanbidding aan die Here.

Mag ons hierdie heilige en besondere openbaringsmiddel van God dan vir allerhande ligsinnige speletjies gebruik?

11. Lykverbranding – verassing (kremasie)

Van die vroegste tye af het heidense volke hulle dooies verbrand. Dit was hoofsaaklik om twee redes:

- Angsmotief – hulle wou die dode totaal vernietig, sodat hulle nie meer onheilspellende besoeke sal ontvang nie.
- Die liggaam was vir hulle nikswerd en na die dood bloot 'n stuk vleis.

11.1 Argumente vir lykverbranding

Baie mense beveel dit vandag aan om die volgende redes:

- Materialistiese oorweging. Daar is nie meer genoeg plek nie en te veel ruimtes word deur begraafplase gevul.
- Higieniese oorweging. Daar is 'n moontlikheid van ondergrondse besoedeling.
- Ons kan baie arbeid spaar. Dink maar net aan die instandhouding van die groot begraafplase.
- Dan sal ons ook minder leuens – lofliedere – op grafstene sien.
- Die begraafplase word tog na ongeveer 20 jaar in die stede platgestoot en vir ander doeleindes gebruik.
- Kremasie is baie goedkoper. Hoekom duurder uitgawes as toe jy die wêreld ingekom het?
- Dit gaan vinnig. Binne 'n tydjie is daar net ongeveer drie kilogram as oor terwyl 'n liggaam lank neem om te vergaan.
- Die gevaar bestaan dat 'n mens na jy begrawe is, dalk lewendig kan word, maar ons kan moeilik daarna sê ek het wakker geword in 'n oond!

11.2 Wat sê die Bybel hieroor?

- Ou Testament
 - Die reël was dat verbondskinders se afgestorwenes begrawe word – Genesis 23;6.
 - Ons kry baie familiegrafte in Israel.
 - Begrafnis was by hulle 'n daad van liefde en piëteit.
 - Dis belangrik dat God self vir Moses begrawe het.
 - Het misdadigers se lyke verbrand – Agan, of by bloedskande gepleeg – Levitikus 20:14, of by groot oorloë.

- Lykverbranding staan in die Ou Testament in die teken van vervloeking – Amos 2:1-3.
- Daar is een voorbeeld van verbranding van liggame wat later begrawe is. Dit is dié van Saul en sy seuns. Nadat hulle al ’n paar dae teen die muur van Bet-San vasgeslaan was, het Dawid en sy manne die liggame gaan afhaal, verbrand en toe begrawe. Die liggame was waarskynlik al so ontbind dat daar nie ’n ander manier was om daarmee te werk nie. Hierdie voorbeeld kan dus nie gebruik word as ’n reël om verassing te regverdig nie.
- Nuwe Testament
 - Daar is geen teks wat dit eksplisiet veroordeel nie maar ook geen teks waarin Jesus dit aanbeveel nie. Dit is egter verkeerd om die Bybel op hierdie manier soos ’n naslaanboek te benader. Die Bybel spreek met ’n algemene gees en gesindheid en daarom is daar baie etiese optredes – soos lykverbranding of nie – wat ons uit die algemene opset van die Bybelse getuigenis moet aflei.
 - In die Nuwe Testament word hierdie saak bepaal deur die feit en uitgangspunt dat die mens die kroon is van God se skepping. In Genesis 1:26 kry ons dit al. Na gees, siel en liggaam is ons geskape in ware geregtigheid, heiligheid en onsterflikheid.
 - Al keer die liggaam weer terug tot stof, heg ons nog waarde daaraan, want dit is die liggaam en siel wat weer eendag volkome vernuwe sal opstaan. Daarom is Jesus self ook begrawe as ’n simboliese daad met die oog op opstanding.
 - Vir ons wat glo aan die opstanding en wederkoms, het ’n begrafnis die simboliese betekenis dat die gestorwe liggaam aan die aarde toevertrou word soos ’n koringkorrel aan die aarde voordat dit opstaan en groei. Jy kan tog nie ’n koringkorrel verbrand voordat jy dit plant en hoop dit gaan groei nie! Vir ons bly die graf die plek waar in oneer gesaai word, maar waar daar later jubelend met die basuingeklank iemand weer verheerlik sal opstaan. Watter betekenis sal 1 Korintiërs 15 vir ons hê sonder ’n begrafnis? Gaan lees en sê hoekom.
 - Die nasionale sinodes van 1933 en 1952 spreek hulle duidelik uit teen lykverbranding.

Die siening van P Lok is baie belangrik:

- Die Bybel erken begrafnis as ’n normale en gebruikelike manier sowel in die Ou as in die Nuwe Testament. Besondere betekenis word toegeken aan die “familiegraf” en die “versamel word by sy volksgenote”. Vgl. Genesis 25:8-9 – Abraham; Genesis 49:29, 33 – Jakob.
- Die sterwe en opstanding van Jesus Christus staan sentraal. Die saai van ’n natuurlike liggaam en die opwekking van ’n geestelike liggaam is daaraan ontleen, asook die begrawe en opgewek wees van die gelowige met Christus.
- Om begrawe te word was ’n Joodse gewoonte maar is ook by die heidense volkere gevind – die Egiptenare en die Hetiete – Genesis 23:4-6.
- Op Goeie Vrydag is “’n natuurlike liggaam” gesaai en op Paasmôre “’n geestelike liggaam” opgewek – 1 Korintiërs 15:44.
- Die martelare wat op die brandstapels verbrand is, het tot hulle vertroosting geweet dat verbranding vir God geen verhinderings is om ’n geestelike liggaam op te wek nie. Dit beteken egter nie dat daar geen kontinuïteit is tussen die natuurlike en die geestelike liggaam nie. As voorbeeld van hierdie kontinuïteit staan Christus met sy opstandingsliggaam, waarin nie alleen kontinuïteit nie maar selfs identiteit gekonstateer word.
- Kremasie word vanuit estetiese oorwegings gepropageer. Daarmee word probeer om die grimmigheid en vyandigheid van die dood te kamoefleer. As daar êrens van eutanasie – genadedood – gepraat kan word, dan is dit hier: die dood word “goed” genoem. Dit word gekamoefleer dat die dood die laaste vyand is en dat die vonnis van God oor die sonde hierin bestaan, dat die mens stof is en tot stof sal terugkeer – Genesis 3:19.

- Kremasie is van 'n nie-Joodse, heidense oorsprong, nie gefundeer in die Skrifte nie, maar wêl verweef met allerlei anti-godsdienstige motiewe, alhoewel kremasie gepropageer word op grond van allerlei saaklike argumente – ekonomie, estetika, ruimtelike ordening, higiëne, ens.
- Van die begrafnis gaan 'n kragtiger getuienis uit oor die Christelike geloof in die opstanding van die dooies, as van kremasie – 1 Korinthiërs 15.
- Orals waar die evangelie aangeneem is en die kerstening van volke plaasgevind het, is kremasie vervang deur begrafnis; aan die ander kant sien ons dat kremasie die plek van begrafnis inneem waar die proses van ontkerstening plaasvind.
- Hierdie ontwikkeling word ook bevorder deur die teorie oor die “herwaardering van die dood” as sou die dood tot die lewe behoort, wat in stryd is met talle Skrifgegewens – o.a. Genesis 2:17; Romeine 5:12; 1 Korinthiërs 15:26.
- Dit is die roeping van die gelowiges om die begrafnis van God se kinders te verkies bo hulle kremasie. Dit is eweneens hulle roeping om die begrafnis vry te maak en vry te hou van allerlei ongeloofs- en bygeloofsverskynsels en te sorg vir 'n Christelike begrafnis.
- Kremasie kan slegs aanvaar word in noodsituasies, byvoorbeeld oorlogsomstandighede, of in geval van epidemies, maar dit moet 'n uitsondering wees en geen reël word nie – Amos 6.
- Die bywoon van 'n kremasieplegtigheid kan nie as ongeoorloof bestempel word nie, maar moet prakties op een lyn gestel word met die bywoon van 'n begrafnis van 'n ongelowige. Des te skerper sal ons sien hoe bevoorreg ons is bo hulle wat nie van Christus is nie.
- Die dood-deur-verbranding word in die Heilige Skrif vermeld óf as 'n besondere straf vanweë buitengewone sondes, óf om 'n alreeds geskonde lyk vir verdere skending te behoed – 1 Samuel 31:12-13, of as noodmaatreël in tye van epidemies.
- Dit behoort ook tot die amptelike diens in die gemeente van Christus om die Skriftuurlike betekenis van die Christelike begrafnis aan die gemeente voor te hou – prediking, kategese, huisbesoek.

12. New Age-beweging

12.1 Definisie

Een van die onderafdelings/vertakkings van die holisme is die sg. New Age-beweging. Dit is 'n beweging wat 'n alternatiewe kultuur in die samelewing tot stand wil bring. Dit is 'n spesifieke denkwysse/godsdien, want dit is 'n oorplanting van die Hindoe-filosofie op die Westerse kulture. Dit is inderdaad Oosterse okkultisme met 'n inslag wat voorgee dat enige godsdien, ook die Christendom, hom daarin kan vind. In wese is dit 'n aanslag om die Weste te ontkersten en te vervang met die Oosterse okkultisme.

12.2 Wat is die doelstellings van die New Age-beweging?

Algemene broederskap

- Alle godsdienste is gelyk – ingeskakel in die New Age-beweging.
- Dit beoog om die “sluimerende psigiese en geestelike kragte van die mens te verken”.

12.3 Die karaktertrekke van hierdie beweging

- Dit spits hom toe op die mistieke.
- Dit beoefen die okkulte.
- Dit is die vlag waaronder die opkomende feminisme vaar.

12.4 Die lewensbeskouing van die New Age-beweging

- Dit leer dat alles in die hele skepping wesentlik een is. Sien hierby die hele afdeling oor holisme.
- Dit leer dat daar nie een God – Drie-enige God – bestaan nie. 'n Panteïsme word geleer. Panteïsme is 'n veelgodedom. God is nie 'n Persoon of 'n Wese nie. Dit is 'n universele gees wat in alles is: Dit word veral uitgedruk in joga, meditasie en reïnkarnasie.
- Die skepping, soos dit in die Bybel geleer word, en Jesus Christus as Verlosser, asook die evangelie van Jesus Christus, word totaal verwerp.
- Alles is voortdurend in 'n proses van verandering/evolusie. In hierdie proses kan die mens homself verander en verbeter.
- Die astrologie – sterrewiggelary – speel 'n groot rol in die bepaling van die mensdom se geskiedenis. Hulle leer dat die menslike bestaan uit die beeld van die Pisces – vis – uitbeweeg en in die beeld van Aquarius – waterdraer – inbeweeg. Die Pisces was die tydvak van die Christendom wat onsuksesvol was. Nou beweeg ons in die tydvak van die Waterdraer waar die klem op die mistieke en okkulte val. Dit sal by die mensdom 'n strewe na eenheid en vrede vestig.

12.5 Propaganda

Alle denkbare middels word gebruik as propagandamiddel en om mense te breinspoel, soos die TV, kuns, musiek, speletjies, tekens en simbole en selfs die politiek.

12.6 Kritiek

Hierdie leer maak van die mens sy eie god. Dit breek die mens ook totaal los van die ewige en almagtige God. Uiteindelik is dit 'n rou stuk heidendom waarin God verwerp word. Al die aanhangers van hierdie leer word uiteindelik sonder redding agtergelaat. Daar is geen nuwe koninkryk van God wat kom nie. Die hiernamaals bestaan vir die New Age-beweging in 'n terugkeer in 'n hoër vorm van lewe deur reïnkarnasie.

13. Okkultisme

Hierdie lesing is uitgewerk met erkenning aan boeke en artikels wat deur prof. PJ de Bruyn geskryf is, asook talle artikels en bronne wat van die RGN verkry is. Lees Deuteronomium 18:9-14 en Handeling 19:11-17.

13.1 Wat is okkultisme?

Okkultisme en satanisme is nie dieselfde ding nie – al dink baie mense so. Satanisme is die openlike aanbidding van Satan. Okkultisme is nie so 'n oop en blatante manier van Satanaanbidding nie; dit is baie meer subtiel. Okkultisme is 'n wetenskap wat geheime kragte gebruik en bestudeer. Dit word beoefen deur mense wat nie in die Here glo nie, al is daar onder hulle wat daarop aanspraak maak dat hulle aan 'n kerk behoort.

Okkultisme kan nooit “onskuldig” of “neutraal” beoefen word nie. Dit kan net beoefen word deur mense wat die Here nie ken nie.

Toordery is 'n baie ou en 'n waar praktyk. Die Bybel erken ook hierdie okkultiese verskynsel:

- Die towenaars van Farao – Eksodus 7:10-12, 22; 8:7,18-19
- Simon die towenaar – Handeling 8:1-25
- Elimas die towenaar – Handeling 13:6-12
- Die Here verbied gelowiges om aan towery en waarsêery deel te neem – Levitikus 19:31; 20:6; Deuteronomium 13:1-3; Jesaja 8:19-20.

13.2 Wie is vatbaar vir okkultisme?

Wie is die mense wat gewoonlik vatbaar is vir okkultisme en wat deur okkultisme gewerf word? Dit is mense wat paranormale vermoëns het. Paranormale vermoëns is vermoëns wat afwyk van die normale. Daar is hoofsaaklik drie van hierdie vermoëns wat 'n rol speel.

- Heldersiendheid

Heldersiendheid is die vermoë wat mense het om deur drome, visioene, klanke en meer dinge te voel of te weet dat iets op 'n ander plek gebeur het of gaan gebeur, terwyl dit nie deur die normale funksionering van jou brein en jou sintuie waargeneem of uitgewerk kan word nie.

In die omgangstaal word gewoonlik na sulke mense verwys as mense wat met die helm gebore is. Dit is nie sonde om hierdie gawe te hê nie. Dit is net dat hierdie mense meer vatbaar is om okkultisme te beoefen as “normale” mense.

- Telepatie

Hierdie groep mense het die vermoë om te weet wat ander mense dink, sonder dat iemand dit vir hulle sê, of sonder dat dit op enige fisiese manier aan hulle oorgedra word.

- Psigokinese

Dit is mense wat lepels buig of voorwerpe laat skuif of rondvlieg deur net daarop te konsentreer.

U moet net besef dat dit nie beteken dat mense wat hierdie gawes het, almal beoefenaars van die okkulte is nie. Daar is mense wat hierdie gawes besit wat dit reg en tot eer van die Here gebruik.

Die punt is net dat mense wat oor hierdie gawes beskik, makliker vatbaar is vir okkultisme as ander mense. Dan is daar ook mense wat nie normaalweg hierdie gawes het nie, maar wat deur die duiwel daarmee toegerus word wanneer hulle oorgaan tot satanisme. Daar is meer voorbeelde waar die satan aan sy dienaars bekwaamhede gee wat hulle dan aanwend om meer mense van die Here af weg te lok of om met hulle gawes skade aan die koninkryk van die Here te doen.

So word heldersiendheid in die diens van Satan aangewend in waarsêery. Dink maar aan die woonwa van 'n waarsêer wat ons soms langs die straat sien. Daar is meer van hierdie vorm van okkultisme, soos die groep wat die stand van die sterre gebruik om te voorspel wat met mense gaan gebeur.

U moet net nie dink dat hierdie magte nie bestaan nie, en dat hulle nie raak kan voorspel nie. Die duiwel het soveel mag dat hy sy dienaars hierin lei. Dink maar net aan wat in Deuteronomium 13:1-3 en 18:9-14 geskryf staan. Vgl. Efesiërs 6:12.

Die spiritis gebruik telepatie wanneer hy sogenaamd “glasies speel”. Hy weet wat in die gedagtes aangaan van die persoon wat hom besoek, daarom is dit vir hom maklik om voor te gee dat hy 'n dooie geraadpleeg het.

Demoniese beïnvloeding kan op die volgende maniere verkry word:

- Oorerwing
- Handoplegging – een okkultbelaste persoon kan, deur 'n ritueel van handoplegging, okkultiese vermoëns aan ander mense oordra
- Deur 'n bloedverbond met die duiwel
- Deur harde trommusiek
- Deur dwelms
- Deur okkultiese boeke te lees en deur sulke speletjies te speel
- Deur transendentale meditasie

Die strewe om oor paranormale vermoëns te beskik openbaar by die mens die begeerte om, in stryd met God se wil, oor kennis en vermoëns te beskik waardeur God se almag en alwetendheid nageboots kan word. Dit is dus in wese niks anders nie as opstand teen God.

13.3 Alchemie

Alchemie is 'n deel van die okkulte wat verband hou met astrologie. Dit ondersoek en benut die verhouding van die mens tot die kosmos tot voordeel van die mens. Daar is van die geraadpleegde bronne wat beweer dat sekere geneeskundige praktyke, soos akupunktuur, deel is van alchemie.

Die doel van alchemie is transmutasie. Transmutasie kan op verskillende maniere vertolk word: Dit word aan die een kant vertolk as dat daar chemiese veranderinge in 'n mens bewerk word; andersyds word dit verstaan dat daar psigologiese veranderinge in die mens tot stand kom.

Hierdie veranderinge sluit dinge is soos om van siekte af oor te gaan na gesondheid; ook om van ouderdom af oor te gaan – teruggaan (?) – in jou jeug in. Dit sluit selfs in om van 'n aardse bestaan af oor te gaan in 'n bonatuurlike vorm van bestaan.

Die Chinese glo al vir baie eeue – sedert 8 v.C. – in dinge soos bonatuurlike kragte en 'n uiteindelijke bonatuurlike bestaan. Van die 4de eeu v.C. af het hulle geglo dat die bonatuurlike gekontak kan word deur die gebruik van dwelms. Hulle het 'n bepaalde dwelm gebruik wat die naam het van *elikser van lewe of drinkbare goud*.

Alchemie kom vir baie eeue al by verskeie volke voor, naamlik Chinese, Indiërs, Ou Grieke, Arabiere en in die Latynse wêreld.

U sal oplet dat al hierdie dinge te doen het met, of 'n beeld vertoon van, die ware openbaring van God, maar dat die okkulte die openbaring van die Here in 'n verdraaide vorm aanwend om die mens te dien. Daar is in die okkulte geen staanplek vir God en vir sy eer nie.

13.4 Kleure

In die okkulte word daar tien kleure of samestellings van kleure as vertrekpunte geïdentifiseer. Die kleuruiteensetting word 'n *cabala* genoem.

- Wit – *kether*, die kroon
- Swart – *binah*, begrip
- Grys – *chokmah*, wysheid
- Rooi – *geburah*, krag
- Blou – *chesed*, genade
- Geel – *tiphered*, skoonheid
- Oranje – *hod*, eer/glorie
- Groen – *netzach*, oorwinning
- Pers – *jesod*, die fondament
- Vier kwarte: sitroengeel, roesbruin, olyf en swart – *malkuth*, die koninkryk

By jongmense wat bekend staan as hekse by satanisme, kom dit voor dat hulle heeltemal swart klere dra. Soms is dit rooi en ander kere weer kombinasies van swart en rooi. Dit hang af wat hulle moet voorstel.

In towery word die duiwel as rooi voorgestel, want dit sou uitbeeld dat hy alleen krag het. Swart is die kleur van heksery en towery: dink aan bekende terme soos: swart towery – black magic; swart kuns – sataniese kuns; die swart boek, ens.

13.5 Astrologie

Daar is rigtings wat astrologie as 'n wetenskap beskou. Die Christene beskou dit egter as 'n pseudowetenskap – valse/nagemaakte wetenskap. Dit is die deel van die okkulte wat mense se lewens en dinge wat op die aarde gebeur, volgens die stand van die sterre voorspel.

Hierdie groep glo dat die manier waarop die son, maan en sterre – sterrekonstellasies – beweeg, bepaalde invloede op mense en hulle lewens uitoefen.

13.6 Voorspelling

Hierdie okkulte beweging is verwant aan astrologie. Wat dit baie gevaarlik maak, is dat dit so erg afgodies is dat daar selfs offers gebring word, en dat die lewers van die geofferde voorwerpe ontleed word om die gang van die bonatuurlike vas te stel.

By die gypsies word teeblare gebruik, of handpalms gelees. By sommiges word die manier waarop voëls vlieg gemonitor om daarvolgens te voorspel.

13.7 Toordery

Daar word onderskei tussen die sogenaamde “wit” en “swart” toorkragte. Die swart toorkragte sou dan dié wees wat hulle op die satan en sy dinge toespits, terwyl wit towery heeltemal neutraal is. Die feit is dat nie een van die twee die eer van God dien nie.

Toordery is om deur middel van bonatuurlike krag dinge te laat gebeur wat buite die reël van die normale of die natuurlike is. Toordery en heksery hang saam met mekaar. Toordery, en die daarmee gepaardgaande oplegging van vloeke of die verbreking van sulke bande word vandag nog sterk beoefen deur o.a. die sangomas. Dikwels word die Voedoe-kultus hierby geïnkorporeer.

13.8 Satan en satanisme

Daar is allerhande bewegings wat die bestaan van Satan as persoon ontken. Die Bybel leer egter baie duidelik dat hy 'n werklike skepsel is. Lees: 1 Petrus 5:8, 9.

Die satan is baie domastrant en hy takel enigiemand. Hy het nie die vermoë om te kan onderskei wie sy meerdere is en wie nie. Daarom het hy selfs die Here Jesus probeer versoek nadat Hy gedoop is.

Satanisme is 'n beweging wat die satan aanbid as hulle god. Ons weet dat hierdie mense nie die opstanding in die koninkryk van God gaan oorleef nie omdat hulle met die wederkoms die tweede dood gaan sterf. Dit is teen hierdie agtergrond merkwaardig dat die Here die satan die “god van hierdie wêreld” noem. Sy mag en sy toekoms gaan nie verder as die bestaan van die aarde nie. Daarna is hy en almal wat aan hom behoort, bestem vir die hel.

Moderne satanisme is gestig deur dr. Anton Szander la Vey. Dit is 'n baie jong beweging, want dit is eers op 30 April 1966 gestig – in die laaste dae!. Hy het in San Francisco gebly – merkwaardig dat hierdie sekte ook soos alle ander sektes uit Amerika kom! Hy was 'n fortuinverteller of gedagteleser by 'n sirkus.

Omdat hierdie man telepatiese en spiritistiese vermoëns gehad het, kon hy agterkom dat daar baie mans is wat in die sirkus sit en met wellustige gedagtes kyk na die byna kaal meisies in die arena. Hy self het ook allerhande wellustige gedagtes oor die meisies ervaar. Aanvanklik was hy 'n kerkganger. Hy het toe begin oplet dat dieselfde mans wat wellustig raak oor vrouens Sondae in die kerk sit asof hulle nooit iets verkeerd gedink het nie.

La Vey het toe besluit dat hy 'n “kerk” vir eerlike mense wil stig. Dit moes 'n kerk wees waarin almal op 'n eerlike manier uiting aan hulle welluste kon gee, sonder dat hulle iemand daarvoor om verskoning moes vra. Die stigting van die organisasie is in die lewe geroep met 'n geweldige uitspattige orgie tussen mans en vrouens en homoseksueles. Die gebeurtenis word vandag nog jaarliks gevier deur die sataniste en staan bekend as Walpurgisnag of kruisnag.

Die sataniste het ook 'n eie bybel. Die inhoud van hierdie sogenaamde bybel is dat selfgenot en selfhandhawing die belangrikste sake in die lewe is en dat die satan daardeur die beste gedien word.

Iemand kan net 'n satanis word as hy/sy 'n verbond met die duiwel gesluit het. In hierdie verbond belowe hulle dan om vrye teuels aan hulle welluste, begeertes en ideale te gee.

Wanneer iemand ingelyf word in die satanisme, moet hy 'n eed aflê dat hy alle bande met die Drie-enige God verbreek en hom voortaan aan die satan sal wy. Dit is natuurlik sonde teen die Heilige Gees – die enigste sonde wat God nie in hierdie lewe of in die toekomstige lewe vergewe nie.

Die presiese woorde wat die sataniste gebruik wanneer hulle “geloofsbelydenis” doen, is: “Ek sweer hier voor Satan en sy getroue dienaars dat ek Christus en al sy leerstellinge verwerp; dat ek Satan tot my enigste saligmaker aanvaar en tot in ewigheid aan hom getrou sal bly. Amen.”

By dié geleentheid vind die doop van die belydenisaflegger dan ook plaas. Die bloed van 'n bok word in 'n kopbeen opgevang en 'n bloedkruis word gemaak op die voorkoppe van die nuwelinge wat ingelyf word. Daarna word 'n nagebootste nagmaal gevier met die woorde: “Dit is my bloed! Drink dit in die naam van die satan, die valse profeet en die antichris.” Die hele ritueel word dan afgerond met 'n seksuele orgie.

Behalwe hierdie inwydingsnagmaalsviering het die sataniste 'n eie nagmaalsviering. Die hoëpriester van Satan gee dan aan elke lid 'n stuk nagmaalsbrood. Hulle kry dan 'n bevel om dit fyn te kou en uit te spoeg. Hulle moet dan daarop trap en en die Here Jesus Christus vervloek.

Die sataniste se byeenkomste vind gewoonlik in die nag plaas. Dit begin met allerhande sensuele danse wat gepaard gaan met die gebruik van dwelmmiddels. Die kleredrag is daarop ingestel om te prikkel tot seks. Om middernag vind daar 'n bloedoffer plaas en daarna die fees van vrugbaarheid – 'n seksorgie wat etlike ure duur.

13.9 Hoofelemente tydens Satanaanbidding

Die hoofelemente van satanisme is seks en dwelms. Die dwelms word grootskaals gebruik om die deelnemende lede sover te kry dat hulle alle inhibisies moet prysgee. Dwelms het die eienskap om alle onwilligheid teen die kwaad in 'n mens af te breek.

Die leiers van die sataniste kry 'n 10-jaaropleiding in “underground”-musiek, gifstowwe en dwelms wat uit plante verkry kan word, en moderne kuns. Hulle gebruik hierdie middele om veral jongmense in hulle kloue te kry.

Dit is reeds bewys dat geweldig harde, polsende musiek 'n mens se weerstand afbreek. Dwelms het ook die effek dat dit alle inhibisies en weerstand teen iets soos seks uitwis. Die kombinasie van die twee skep dus 'n klimaat waarin 'n jongmens omvorm word in iemand wat enigiets uitdaag wat verbode is.

13.10 Hoe ons kinders betrokke raak

Kinders en jongmense is in hulle tienertyd meer vatbaar om godsdienstig beïnvloed te word as ouer mense. Die mense wat agter die okkulte se skerms staan, weet dit en buit dit uit. Dit is waarom die leiers in die satanistiese bewegings so deeglik onderrig moet word in okkulte musiek – “underground, metal and heavy metal”.

Die verkeerde musiek word deur hierdie mense gekombineer met 'n uiters oppervlakkige tipe godsdienst, sodat die jongmense deur die sogenaamde godsdienst gevang moet word. Die werklike inhoud van die byeenkomste, naamlik dat hulle gevang moet word deur die musiek en dwelms, sien hulle nie raak voordat dit te laat is nie.

'n Bestuurder van een van die heel grootste rock-groepe in die wêreld het gesê:

“We have found that the greatest commitment anyone makes is a religious one. That would be the greatest motivator to get people to buy rock records. So, . . . we are going to have religious services at our concerts. We are going to pronounce ourselves as messiahs, making intimate acquaintances and covenants with satan. We'll be praying for the sick, raising people up out of wheelchairs and performing the supernatural during concerts . . .”

“Heavy metal”-musiek beïnvloed beslis jeugdiges se keuses en handeling. 'n Boodskap van volslae verwerping van alle vorms van gesag word regstreeks en met mening uitgedra deur die musiek en die mense wat dit maak. Al sou ons jongmense dit hoe graag ook al wou ontken, word hulle weerspreek deur die hoëpriesteres van die Church of Satan in Kalifornië – 1984:

“Heavy metal groups are influencing the kids to come to satan. The groups are into satanism, even though they may deny it.”

Hierdie uitspraak word bevestig met die woorde van die groep *Wasp* se een liedjie: *“The gods you worship are steel at the altar of rock and roll you kneel.”*

Jongmense en kinders se vriende is gewoonlik die slagat waarin hulle val. Slegte vriende is gewoonlik reeds vantevore al vasgevang in die hande van een of ander dwelms-handelaar wat vir hom ’n sel van satanaanbidders gevestig het.

Dit is die ding waarvoor dit alles gaan – geld! Die musiek en die dwelms moet geld inbring vir diegene wat daaragter sit. Daarom word musiek en dwelms in simbiose met mekaar gebring.

Hierdie “vriend” van ’n jongmens sal hom/haar een aand oornooi na ’n partytjie – verjaarsdag, ens. van homself of ’n vriend/vriendin. Op die oog af lyk dit onskuldig en reg. Daarna gebeur dit dat die jongmens op so ’n byeenkoms dwelms “gevoer” word. Hy kry dit in sonder dat hy daarvan bewus is. Hy voel net snaakserig, en met die hulp van die harde musiek en ’n uitlokkende vriendin/vriend verkrummel sy/haar waardes vir die oomblik.

’n Goed beplande geleentheid word geskep en die jongmens word verlei om seksuele omgang met iemand by die partytjie te hê.

Deur die loop van die week konfronteer die vriend – of een van sy vennote – die kind by die skool of op straat met ’n pakkie dwelms van die een of ander aard. Vanselfsprekend steek die kind vas en weier, want hy is nog rou en vol skuldgevoelens oor die seksuele gebeurtenis van die aand van die partytjie.

Die vriend haal dan ’n foto uit sy sak, want soos vooraf beplan, was daar juis iemand wat ’n foto van hierdie gebeurtenis geneem het. Die kind word dan met hierdie foto afgedreig. Hy vat die dwelms en gee die geld daarvoor. Dit verklaar ook waarom daar in sekere huishoudings dikwels geld verdwyn op die onverklaarbaarste maniere.

Dikwels word die jongmens baie brutaal aangesê om die middag by die een of ander adres te wees as hy weet wat goed is vir hom. Daar kry die jongmens die grootste skok van sy lewe, want ’n hele video van sy orgie met die meisie word vir hom gewys.

Hiervandaan is die pad vir so ’n jongmens hel en vir die organisasie maklik. Die jongmens is bang en voel hy/sy kan nie met sy ouers praat nie, want hy is bang. Hy word net dieper en dieper in die ding ingedwing totdat hy homself later maar oorgee aan dwelms, want dit verlos hom van sy skuldgevoelens en laat hom kans sien om aan te gaan.

Intussen lag die hoof van die sel lekker, want hy het nog ’n kliënt bygekry, en sy beursie raak dikker.

13.11 So ’n kind se gedrag

Kinders tree nie almal eenders op nie. Maar hoe sy/haar optrede ook al is, die ouers sal dadelik agterkom dat sy/haar gedrag nie dieselfde is as wat dit voorheen was nie. Daar kan botheid of stuursheid intree. Meisies het veral die geneigdheid om aanhoudend te wil bad, want hulle voel vuil as gevolg van die seksorgies waarin hulle gedwing word. Seuns raak in vernet teen alles en vlug vir ’n naby/persoonlike gesprek met hulle ouers. Hulle raak afwykend en baie parmantig.

Let op na oë wat soms uitermate helder is. Let op vir prikmerke – naaldmerke om die enkels, of selfs onder die naels – toonnaels. Soms is daar oormatige slaperigheid; ander kere weer lusteloosheid. Onverantwoordelikheid raak meer en meer opsigtelik. Al hierdie dinge kan dui op dwelmsgebruik.

13.12 Die pad vorentoe

Die beste manier om kinders te beskerm, is om die probleme te voorkom. Daar moet toesig gehou word oor hulle keuse van vriende. Ouers moet so naby aan hulle kinders leef dat hulle kinders en dié se vriende openhartigheid teenoor hulle as ouers het.

Vermyn oormatige kennis/kontak/inligting oor die okkulte en satanisme. Die satanisme maak openlik staat op kennis en leesstof wat oor hulle versprei word, sodat hulle op sulke mense kan toeslaan.

Ouers moet naby die Here leef en hulle kinders leer om naby die Here te leef. Ouers moet so optree teenoor hulle kinders dat hulle die vrymoedigheid het om na hulle ouers toe te gaan as hulle in probleme vasgevang raak. Hulle moet weet dat hulle steeds by hulle ouers welkom sal wees, en dat hulle op hulle hulp sal kan staatmaak – selfs al kom die afperser met sy foto's en sy video's by sy ouerhuis aan.

14. Orgaanskenking – ja of nee

In 1967 is die eerste hartoorplanting in die wêreld hier in Suid-Afrika gedoen. Ons moet nie verwag dat die Skrif met 'n teks “ja” of “nee” sal sê nie. Die praktyk van orgaanoorplanting is 'n moderne probleem sedert die afgelope paar dekades.

14.1 Argumente daarteen

Mense het allerlei argumente teen die saak. Sommiges daarvan dra meer gewig en ander minder:

- Dit is teen God se wil, want jy verander daardie mens en maak hom wat God nie van hom wou maak nie.
- Dit is God se wil as jy 'n swak nier het en jy moet dit aanvaar.
- Die mens se eie identiteit word daarmee verander en jy moet 'n persoon begrawe met al sy organe.

14.2 Argumente daarvoor

- Ons dien ons naaste daarmee. Ons staan met ons liggaam in diens van God en ons naaste. Jesus Christus het as Voorganger sy liggaam as offer vir ons gegee – Hebreërs 10:10.
- Ons liggaam sal eendag verheerlik opstaan, dit wil sê sonder enige gebreke. Dit wat nou tot lewensvernuwing van ander geskenk word, sal nie eendag in die skenker se verheerlikte liggaam ontbreek nie.
- Horingvliesoorplantings word vir baie jare al suksesvol gedoen. Niemand het daarvoor gekla nie. Eers toe organe soos harte en lewers in gedrang gekom het, het mense bekommerd geraak.
- Indien ons ander middele soos medisyne gebruik om ons lewenskwaliteit te verbeter, kan ons dit ook doen met organe wat die direkte funksie verbeter.
- Die liggaam is nie heiliger, anders as die ander gawes, bv. bloedoortapping, wat God gee nie.
- Dit is geen argument dat 'n persoon nie sonder al sy organe begrawe mag word nie. Wat dan van dié wat 'n been, arm, ens. verloor het?

14.3 Voorwaardes waaraan voldoen moet word

- By die skenking van 'n orgaan, bv. 'n nier, mag jy nie jou eie gesondheid daardeur benadeel ter wille van 'n ander se beter lewe nie. God gee jou die verantwoordelikheid om jou eie lewenstandaard te behou indien jy nog gesond is.
- Jy moet dit vooraf met jou dierbares bespreek sodat, indien dit gebeur, hulle weet van jou voornemens en dit nie as 'n skok kom nie. Indien jy as skenker nie vooraf jou goedkeuring verleen het nie, het jou dierbares die finale sê oor jou liggaam en nie die mediese personeel nie.
- 'n Orgaan mag wel uit 'n lewende persoon sowel as 'n dooie verwyder word, want of die persoon lewe of pas gesterf het, die orgaan bly dieselfde as dit geskik is. Die geneesheer wat deel vorm van die oorplantingspan mag nie een van dié wees wat bepaal of die pasiënt – skenker – al oorlede is nie.
- Veronderstel dat die wetenskap so vorder dat 'n brein oorgeplant kan word, sal dit nie mag nie, want dan verander jy die mens se hele persoonlikheid en karakter. Tans kan dit nie gebeur met

die enkele orgaan wat oorgeplant word nie. Die liggaam se antigene verwerp 'n orgaan wat vreemd aan die weefsel of ander kenmerke van die ontvangerliggaam is.

- Die doel van oorplanting moet dus altyd herstel wees en nooit verandering van die ontvanger nie. Ter wille van die emosionele las wat dit meebring, is dit beter dat die skenker se familie nie weet wie die ontvanger van die orgaan is nie.
- Selfs 'n dier se organe kan gebruik word indien dit geskik is. Wie diere se vleis per mond inneem ter versadiging, kan dit ook gebruik om hul liggaam te versterk. Die kerk sien geen beswaar teen orgaanoorplanting wanneer aan bogenoemde voldoen word nie.

15. Roudiens of begrafnis

Daar is 'n groot verskil tussen 'n roudiens en 'n begrafnisdiens. 'n Roudiens is 'n diens wat gewy word aan die afgestorwene en waarin sy lof besing word vir alles wat hy/sy bereik het. Dit is dus in wese niks anders nie as mensverheerliking.

Daarteenoor is 'n begrafnisdiens bloot die gelowige saamkom van gelowiges rondom God se Woord. Daar word geen heldeverering gedoen tydens so 'n diens nie. Daar word troos uit God se Woord aangebied vir dié wat agterbly, sodat hulle met moed en met ware geloof die koms van die Here Jesus kan inwag.

Ons standpunt in hierdie saak is die volgende:

- Volgens Kerkorde, art. 56, is dit 'n blote familieaangeleentheid.
- Ons praat nie van 'n roudiens nie, want 'n roudiens gaan om mensverheerliking.
- Die klem by 'n begrafnis val op troos vir die agtergeblewenes en nie om die oorledene se lof te besing nie.
- Daarom word die kis ook nie in die kerkgebou ingebring nie.
- Dit is geen erediens nie en omdat die ouderlinge nie teenwoordig is nie, word die seën nie uitgespreek soos by 'n erediens nie. Dit is bloot 'n trooswoord wat tot versterking aan die naasbestaandes gerig word.
- So 'n diens kan op enige plek gehou word – in 'n kerkgebou, saal of selfs in die ope lug by die graf.

16. Saamwoon – ja of nee

Daar is 'n aantal argumente wat onder saamwoners voorkom. Hierdie standpunte word in hierdie afdeling geweeë en gelowig aan God se Woord getoets.

- As ons twee mekaar lief het, hoekom mag ons nie saamwoon nie?

God het die huwelik gegee waarbinne man en vrou hulle liefde net vir mekaar kan openbaar en waar elk tot sy volle lewenspotensiaal kan groei – Genesis 2:24; Matteus 19:4-6; Efesiërs 5:31.

- Dit is tog ons lewe en ons kan maak soos ons wil!

Dit is nie waar dat jy kan maak soos jy wil nie. Ons behoort aan die Here en moet ook ons volwasse lewe so inrig dat Hy daardeur geëer word. 'n Meisie moet in heiligheid en eer deur 'n man gewen word en nie deur hartstog soos by ongelowiges nie – 1 Tessalonisense 4:3-6.

- Ons is nie finansiëel in staat om te trou nie – of enige ander rede – en nou leef ons maar saam.

Dit wys juis dat julle prakties nog nie ryp/gereed is vir 'n huwelikslewe nie. 'n Man wat so redeneer, sal nooit in staat wees om vir sy vrou te gee wat sy nodig het nie. Om saam te woon terwyl die twee nog nie in staat is om selfstandig te wees nie, bewys juis hulle

onverantwoordelikheid. Hulle behoort hulle met die nodige berou voor God te verootmoedig en tot bekering te kom.

- Dit is nie nodig dat ek net ter wille van 'n papier – huweliksertifikaat – voor 'n dominee “ja” moet gaan sê nie. My eie gewete is genoeg.

Die beloftes en die verbondenheid wat deur daardie papier uitgedruk word, sê baie. Daarmee sê jy vir almal dat jy jou volle verantwoordelikheid op 'n permanente basis voor God en die samelewing wil aanvaar.

'n Gelowige man/vrou oorweeg die volgende aspekte wat dit duidelik maak dat twee mense wat saamwoon, vir hulleself probleme skep:

- Hulle word onnodig blootgestel aan eise wat net in 'n huwelik tuishoort.
- Konflik met jou dierbares.
- Skuldgevoelens wat lei tot emosionele onstabieleit.
- Geen sekuriteit vir die toekoms nie, want daar is 'n agterdeurtjie oop van “geen verantwoordelikheid” as ek moeg word vir die verhouding.
- Wanneer hierdie saamwonery misluk, wie bly agter met 'n baba? Die meisie wat alles dan alleen moet hanteer sodat die pa weer by sy volgende meisie kan intrek?
- Die basiese behoeftes van vrou- en manwees kan nooit in so 'n los verhouding bevredig word nie.
- 'n Christen moet selfbeheersing toepas.
- 'n Christen mag nie om verskillende redes sy verantwoordelikhede omseil nie.

17. Selfmoord – ja of nee

Selfmoord is 'n oortreding van die sesde gebod. Daarom mag 'n mens nie sy lewe eiewillig beëindig nie.

Die beginsel is dat God en God alleen oor lewe beskik. Hy het dit tot stand gebring. En Hy alleen beëindig dit in hierdie bedeling.

Selfmoord is dus 'n menslike ingryping in lewe, terwyl God alleen daarvoor beskik. Daarom is selfmoord sonde.

Geen mens mag sy eie posisie in God se raadsplan eiewillig verlaat en laat vaar nie, al is daar faktore soos angs en vrees, mislukkings, skok en depressie. Selfmoord was nog nooit 'n antwoord nie. As jy jou lewe neem, ontnem jy jouself die moontlikheid om sake in jou lewe – met jou naaste en met God – te herstel.

Jy gaan om jou God te ontmoet terwyl jou laaste daad 'n daad van sonde en eiewilligheid teen Hom is.

Kan 'n selfmoordenaar verlos word? Daar is 'n paar beginsels wat in hierdie saak 'n rol speel:

- Die Here Jesus Christus het vir ons sondes gesterf. Die Bybel openbaar nie dat selfmoord uitgesluit is nie. Dit is inderdaad so dat Kaïn en Judas nie uitverkorenes was nie en dat hulle selfmoord gepleeg het.
- In beginsel is selfmoord en moord dieselfde ding. Daar word 'n lewe geneem – iemand anders s'n of jou eie. Dit is oortreding van die sesde gebod. Die Here Jesus het ook gesterf om ons oortredinge van die sesde gebod met God te versoen.
- Ten diepste bly die saak van vergifnis 'n saak wat deur God en Hom alleen behartig word. Ons mag dus nie oor 'n selfmoordenaar oordeel nie.

18. Sondagarbeid

Wanneer iemand op Sondag werk, oortree hy die vierde gebod. Daar mag op die Sondag nie gewerk word nie. Dit is inderdaad so dat daar sekere nooddienste is wat mens sou moes doen. Maar dit is ook so dat daar baie dinge is wat in ons moderne lewe weer die aandag en besinning van Christene behoort te geniet.

Voorbeelde sou van die volgende dinge kon wees:

- Sondaghandel

Jy mag nie op die Sondag jou maandelikse kruideniersware gaan koop nie. Daar moet gewaak word teen “verfynde” vorme van handeldryf, soos uiteet op Sondag, die koop van Sondagkoerante, brood en melk. Soveel te meer wanneer van hierdie produkte reeds die vorige dag gekoop kon word, maar dit toe vir eie gerief nie gedoen is nie.

- Sondagsport

Dit bevat elemente van handeldryf en van wêreldse plesier, terwyl die Here hierdie dag uitsluitlik vir aanbidding en omgang met Hom gereserveer het. Waar pas die TV in op die wyse van Sabbatsviering?